

'N OORSIG OOR DIE NA-OORLOGSE TEOLOGIESE ONTWIKKELING IN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA (GKSA)

Dr. J. H. van Wyk

Wie hom besinnend besighou met die teologiese ontwikkeling in die GKSA na 1945 staan verbaas oor die hoeveelheid teologiese lektuur wat in hierdie tyd verskyn het. Ofskoon dit véél meer is as wat voorheen verskyn het, kan die stof tog nog min of meer oorsien en ook oorsigtelik aangebied word. Of daar werklik van teologiese *ontwikkeling* sprake kan wees, van uitbou en nuutbou, en of alles nie maar blote restaurasie en herhaling was van wat in Nederland — en Duitsland — reeds gesê is nie, is natuurlik 'n ander vraag. Miskien kan hierdie vraag voorlopig sò beantwoord word deur te stel dat daar plek-plek op die teologiese veld nuutbou was maar dat, wat die geheel betref, in hoofsaak aangesluit is by veral Nederland.

Wat hier volg, maak nie aanspraak op volledigheid nie. Dit is byvoorbeeld onmoontlik om binne die bestek van een artikel te verwys na alle meestergraad-werk asook alle teologiese artikels, ten opsigte waarvan die teologiese blad *In die Skriflig* sedert 1966 'n groot bydrae gelewer het. Aan die ander kant sal weer verwys word na teologies-georiënteerde werke van nie-teoloë en selfs ook na nie-teologiese werk van teoloë. Ek meld ook dat nie alle aangehaalde werke ewe indringend bestudeer is nie.

Met hierdie artikel betree ek in 'n baie groot mate nuwe terrein. Daar bestaan wel 'n uitstekende oorsigtelike artikel van J. Chr. Coetzee oor *Die Skriftelike Getuigenis uit die Gereformeerde Kerk* (1). Die artikel gaan, uiteraard, net tot 1959. Daarby volg die skrywer, as opvoedkundige, 'n nie-teologiese indeling van die stof terwyl ook meer histories-reflekerend as teologies-evaluerend aangebied word. Nietemin is dit 'n baie waardevolle artikel.

Ek volg meer 'n teologiese indeling en wel volgens die bekende ensiklopediese benadering, uiteraard met aanpassings hier en daar. Dit bring mee dat die teologiese ontwikkeling agtereenvolgens nagegaan word in die bibliologiese, ekklesiologiese, dogmatologiese, dia-konologiese en missiologiese vakke.

1. BIBLIOLOGIESE BESINNING

Ten opsigte van die *tekskritiek*, *algemene* en *besondere kanoniek* asook *hermeneutiek*, bestaan daar 'n aantal bronne wat van direkte en indirekte betekenis vir hierdie vakgebied is. Ek dink hier aan S. J. du Plessis se *Jesus en die kanon van die Ou Testament* (2), F. N. Lion-Cachet se kanoniese studie oor die inleidingsformule van die dekaloo (3), J. C. Coetzee se gids deur die boeke van die Nuwe Testament (4) en sy *Pleidooi vir vernuwing in die besondere kanoniek*

Hierdie artikel is in Augustus 1978 opgestel met die oog op die kerk-historiese Werkgemeenskap. 1979.

(⁵). Hiernaas kan verwys word na nog 'n groep studiewerke, bv F. H. van Rooy oor staatsverdrae (⁶) en J. Postma oor die *hyperbaton* (⁷) én nog ander (⁸) van meer indirekte betekenis hier.

Wat die *Bybelse argeologie* en kultuurhistoriese agtergrond betref besit ons twee mooi omvattende studies, nl. S. du Toit se *Ou Testament en Ou Ooste* (⁹) en S. C. W. Duvenage se *Die Dekor van die Nuwe Testament* (¹⁰).

Op die gebied van die eksegeese is werklik baie min gelewer. Volgens my kennis is daar net die een kommentaar van P. J. S. de Klerk oor Hebreërs (¹¹) en die twee — deeglike — kommentare van J. H. Kroeze oor Job (¹²) en Josua (¹³).

Kyk ons na die werk op die gebied van die Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese *openbaringsgeskiedenis*, dan verander die prent aanmerklik.

Wat die Ou Testament betref, bestaan daar die populêre werk van Kroeze, *Handboek Bybelse Geskiedenis* (¹⁴). In besonder moet hier egter melding gemaak word van die baanbrekerswerk op hierdie gebied deur S. du Toit, veral met sy *Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament* (¹⁵), uitgewerk rondom die sentrale tema van die Koninkryk van God. Hierby kan ook 'n aantal ander belangrike geskrifte van Du Toit genoem word (¹⁶). Op hierdie werk het die opvolger van S. du Toit, nl. J. L. Helberg, voortgebou met sy *Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament* (¹⁷) en ander geskrifte (¹⁸). Hierby moet ook verwys word na die studies van P. J. S. de Klerk (¹⁹), J. H. Kroeze (²⁰) en F. N. Lion-Cachet (²¹).

Ek wil hier graag 'n paar woorde sê oor die werk van S. du Toit. Sy betekenis is veral daarin geleë dat hy sy studente geleer het om breed te werk en om wyd kennis te neem van alle standpunte. Wie nie alle argumente behoorlik afweeg nie, is onwetenskaplik besig. Terselfdertyd was hierdie omvattende aanpak by Du Toit self 'n leemte omdat dit maklik aanleiding gebied het tot wydlopigheid en vaagheid oor eie standpunt. Belangrik was verder sy worsteling om 'n suiwere interpretasie van die oergeskiedenis te vind en sy afwysing van die ewolusionisme (ofskoon nie van die ewolusie-gedagte nie). Sy beklemtoning van die belangrikheid van goeie kennis van die Umwelt van die Ou Testament vir die prediking, 'n saak waarmee hy hom jare besig gehou het en wat ook in 'n omvattende geskrif sy neerslag gevind het, verdien besondere vermelding. Hy was die eerste persoon in die GKSA wat behoorlik begin bou het aan die Outestamentologie.

Die besonder groot en gehaltevolle bydrae wat die Nederlandse Suid-Afrikaner J. H. Kroeze gelewer het tot die uitbou van die Outestamentologie. Eervolle vermelding verdien ook eervolle vermelding.

Kyk ons na die Nuwe Testament, dan is hier ook mooi werk gelewer. Ofskoon hy nie veel groot werke geskryf het nie, is die fundamente vir die Nuwetestamentologie tog deeglik gelê deur W. J. Snyman. Sy oud-studente het die waarde van hierdie werk begryp en sy belangrikste artikels saamgebundel en uitgegee onder die titel *Nuwe*

en *Ou Dinge* (22). Sy toekomstige opvolger, Tjaart van der Walt, promoveer in 1962 in Nederland onder leiding van H. N. Ridderbos op 'n skitterende proefskrif te wete *Die Koninkryk van God — Naby!* (23), 'n proefskrif wat onmiddellik na sy verskyning in Nederland in 1962 nie die besondere aandag gekry het wat dit verdien het nie omdat alle konsentrasie toe gerig was op die verskyning van twee ander opspraakwekkende proefskrifte nl. G. Th. Rothuizen se *Primus Usus Legis* en H. M. Kuitert se *De mensvormigheid Gods van dieselfde jaar*. Van der Walt sou later voortbou op die begonne weg met sy *Openbaringsgeskiedenis* (24). Dit is myns insiens een van die grootste teologiese tragedies dat hierdie talentvolle akademikus — vanweë sy aanstelling as rektor van die PU vir CHO — vir die teologiese wetenskap verlore is. Tog beteken dit nie dat hiermee 'n onopvulbare leemte ontstaan het nie, want in 1965 promoveer J. C. Coetzee op *Volk-en Godsvolk in die Nuwe Testament* (25) en in 1969 L. Floor op *De nieuwe exodus* (26). Trouens, laasgenoemde het al deur middel van 'n hele aantal studies 'n mooi bydrae gelewer tot die Nuwetestamentologie (27).

Ten opsigte van die Nuwe Testament, kan ook nog verwys word na twee studies uit die vyftigs, van J. A. Schutte (28) en W. J. van der Merwe (29), ook na een van P. J. S. de Klerk (30) en veral die versamelwerk *Die Koninkryk van God* (31 (wat ook Ou Testamentiese en ander opstelle bevat).

Ook hier wil ek 'n paar woorde sê oor die werk van W. J. Snyman. Ek sou sy werk wou saamvat onder die volgende hoofde: die allesomvattende betekenis van die woord „kerk” in sy plaaslike en universele strekking; die noodsaaklikheid van die ware ekumene; die honorering, maar ook relativering, van die begrip „volk” of „nasie” (wat in sy gelowiges gered word); man van die „derde weg” (bv. nie kleur- of kleurlose teologie nie, maar kleurryke teologie); diepgrawer, maar juis daarom trae publisis. Dit is opvallend dat een van die belangrikste besluite (m.i. dié belangrikste) wat hierdie eeu deur 'n sinode van die GKSA geneem is (1955/1961), naamlik dié in verband met organisatoriese kerkeenheid van die Gereformeerde kerkgroepe uit die verskillende volksgroepe, geïnisieer is deur die Nuwestestamentikus W. J. Snyman — en nie, soos verwag sou kon word, deur 'n kerkregkundige nie.

2. EKKLESIOLOGIESE EKSPOSËS

In die GKSA is steeds 'n besondere aksent gelê op die waarde en betekenis van die *kerkreg* en kerkregering en inderdaad is daar reeds van heel vroeg af (32) intensiewe aandag hieraan bestee. Belangrik is in hierdie verband die twee verskene proefskrifte, van G. P. L. van der Linde oor *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel* (33), waaroor wisselende waardering uitgespreek is (34), en dié van J. J. van der Walt oor *Christus as die Hoof van die Kerk* (35). Besonder belangrik was ook die verskyning van die *Handleiding by die Kerkorde* (36) deur 'n hele aantal skrywers maar met B. Spoolstra duidelik as die belangrikste eksponent. Hierdie

werk is te meer belangrik omdat dit na my wete die enigste van sy soort in Suid-Afrika is (37). Daarby is dit helder en duidelik geskrywe met voortdurende aansluiting by die Skrifgegewens — waarmee natuurlik nie beweer is dat die boek foutloos is nie (38).

Hiernaas het daar ook kleiner geskifte oor die kerkreg verskyn (39). Die GKSA is in die vorige eeu uit stryd gebore en daar kon dus verwag word dat *kerkgeskiedenis* besondere aandag sou opeis. Inderdaad was dit ook die geval (40). Baanbrekerswerk is op hierdie gebied gedoen deur J. P. Jooste deur middel van etlike boeke en talle gemeentegeskiedenis in gedenkboeke (41). Besondere vermelding verdien hier sy proefskrif oor *Die Verhouding tussen Kerk en Staat* (42), sy groot werk oor *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* (43), 'n werk wat veral uitmunt in die representasie in plaas van interprestasie van die feite, en sy *Gedenkboek van die Dorstrandtrek* (44). Jootse se opvolger, G. C. P. van der Vyver, het ook 'n mooi kerkhistoriese bydrae gelewer met sy skitterende boek oor *Professor Dirk Postma* (45) en sy *My erfenis is vir my mooi* (46), waarin hy die geskiedenis van die Teologiese Skool op Potchefstroom en die PU vir CHO beskryf. Nuwe lig op die Gereformeerdes in Suid-Afrika bied B. Spoelstra, ons veelsydigste ekklesioloog, met sy deeglike werk oor *Die „Doppers” in Suid-Afrika* (47). Maar hiermee het ek nagelaat om te verwys na die heel eerste werk oor *Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* (1957) deur B. R. Krüger (48), 'n werk wat getipeer is as „breedgestelde, intens ondersoekte en streng gedokumenteerde proefskrif” (49), maar vir my aanvoeling in die GKSA nie baie hoog aangeskryf staan nie, iets wat moontlik saamhang met die toekenning van die D-grad deur die UP in plaas van die PU vir CHO.

Besonder belangrik is ook die twee geskifte wat rondom die eeufees van die GKSA in 1959 uitgegee is nl. *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859 — 1959* (50) en *Eeufees te Rustenburg* (51). Hiermee saam kan ook genoem word die talle gemeentelike eeufees- of halfeeufees-geskifte, te veel om hier op te noem (52).

Ek verwys hier ten slotte na M. J. Badenhorst se studie oor die kruisdoppers (53) en V. E. d'Assonville s'n oor Totius (54). Soos bekend, is lg skrywer besig met 'n omvattender werk oor Totius.

Ek sluit hierdie stuk oor die ekklesiologiese studies af deur te verwys na *ekumeniek*. Naas die belangrike werk wat Snyman — en ook Totius — op hierdie terrein gelewer het, kan spesifiek verwys word na die bydrae van B. Duvenage met sy studie oor die Wêreldraad van Kerke (55), asook dié van J. M. Vorster (56). Pertinent is die saak ook aan die orde gestel deur P. J. Pelser in sy dogmatiese werk oor *Die roeping tot sigbaarmaking* (57).

Dit is ook belangrik om hier te wys op die interkerklike gesprek wat die Geref. Kerk Johannesburg-Sentraal met die NG Kerk Johannesburg (en later NGK Johannesburg-Oos) vanaf 1964—1970 gevoer het toe hierdie kontak van sinodeweë op 'n m.i. sinodokratiese wyse beëindig is. Gedurende hierdie periode is 'n blad, *Kruispunte*, gepu-

bliseer. (Daar kon nie geslaag word om die Ned. Hervormde Kerk te betrek nie).

3. DOGMATOLOGIESE WERKE

Indien daar enigsins 'n vergelyking getref moet word tussen die hoeveelheid werk wat daar op dogmatologiese gebied en al die ander vakgebiede gelewer is, dan staan e.g. gebied ver vooraan. Trouens, mens sou met 'n bietjie oordrywing kon beweer dat daar op dogmatologiese gebied net so veel gelewer is as op al die ander gebiede saam.

Ek skryf hier eers oor die simboliek, dogmageskiedenis, polemieek en apogetiek, om daarna meer aandag te gee aan die dogmatiek en etiek.

Wat die *simboliek* betref, is daar die boek van P. J. S. de Klerk oor *Gereformeerde Simboliek* (58), 'n handige werk, maar vanweë sy kompilatoriese opset ook 'n werk met mankemente.

Dogmageskiedenis was vir 'n lang tyd 'n afgeskepte terrein, volkome ten onregte, hoewel daar in die jongste tyd 'n groter konsentrasie hierop merkbaar is. L. F. Schultze se *Geloof deur die eeue*, wat op die oomblik nog in die pers is, sal eersdaags verskyn en behoort 'n baie groot leemte te vul. Raakvlakke met die dogmageskiedenis, besit ook die groot werk van B. J. van der Walt oor die natuurlike teologie (59) en dié van C. J. Malan oor Ambrosius (60).

Geskrifte oor *polemieek-apogetiek* is volop. Twee filosofiese studies in die veertigerjare verdien hier vermelding, dié van J. M. de Wet (61) en P. J. Coetzee (62). Ons eerste polemiese geskrif, geskryf deur 'n aantal predikante, verskyn in 1945 en heet *Waarheid en Dwaling* (63). Ons eerste polemikus en apogeteet was egter, kragtens sy opdrag as teologiese professor, B. J. de Klerk. Hy wys op die tendense in die moderne wysbegeerte en teologie (64) en waarsku teen die Roomse gevaar (65). Ons veelsydigste vakman op hierdie gebied is egter S. P. van der Walt. Sy werk oor *Die Wysbegeerte van Dr. Herman Bavinck* (66), 'n werk wat R. H. Bremmer as „verdiensdelijk” getipeer het (67), het hom die nodige fundering vir hierdie taak verskaf, waarop hy, vanaf sy ampsaanvaarding (68), voortwerk tot die verskyning van sy groter werk op hierdie terrein nl. *Dwaling en Waarheid* (69).

Hiermee is natuurlik nog nie naaste by alles vermeld nie. Ons sou ook nog kon verwys na D. Kempff se twee publikasies oor *Rotary* (70) en *Geloofsgenesing* (71) asook na L. S. Kruger se brosjure oor die AGS (72). Dit is haas onmoontlik om hier ook maar enigsins te probeer om alle kleiner polemiese geskrifte te noem — maar ek verwijs daarna in die verbygaan.

Tog moet ek die polemiese geskrif van L. S. Kruger oor *Waarom is u lid van Die Gereformeerde Kerk?* (73) hier noem, 'n geskrif wat helaas mank gaan aan eensydighede, veralgemenings en vertekeninge.

Hierby sou ek ook graag 'n hele reeks werke wou noem wat op

hierdie terrein hulpwerk verrig, soos by *Roeping en Werklikheid* (74), *Reformasie en Revolusie* (75) en *Die Atoomeeu — in U lig* (76). Verder kan verwys word na die hulpdiens wat die filosofiese geskrifte van H. G. Stoker (77) en J. A. L. Taljaard (78) hier bied.

En nou die spesifiek *dogmatiese geskrifte*, wat ek rofweg volgens die verskillende loci in die dogmatiek aan die orde stel.

Die GKSA staan gewoonlik bekend as „dogmaties”, en tog staan ons voor die betreurenswaardige feit dat — anders as die GKN — nog geeneen van ons eie dogmatici dit gewaag het aan ’n omvattende dogmatiek nie. En dit geld selfs vir alle dogmatici uit die 3 Afrikaanse Kerke! Ons staan voor die verstommende feit dat die eerste dogmatiek in Afrikaans deur ’n Lutheraan geskryf is (79). Ons dogmatici het wel, nog gedurende die oorlogsjare (1942), ’n soort populêre dogmatiek laat verskyn nl. *Kosbare Goud* (80), maar teologies-wetenskaplik was dit van mindere betekenis. Weliswaar het S. J. van der Walt ’n beknopte en populêre dogmatiek gelewer (81), maar die doel was beperk: ’n handboek vir onderwysers met die oog op Bybelkunde. Baie betekenisvol is m.i. die verkorte heruitgawe van Calvin se *Institusie* deur A. Duvenage (82). Vermelding verdien ook V. E. d’Assonville se *John Knox and the Institutes of Calvin* (83).

Ons eerste dogmatikus van naam was J. D. du Toit, maar sy betrokkeheid by o.a. die Bybelvertaling en Psalmberyming en die feit dat hy soms nagenoeg alle teologiese vakke moes doseer, het meegebring dat sy dogmatiese werk, ofskoon belangrik, tog ’n torso gebly het (84). P. J. S. de Klerk het in hoofsaak Kuyper — onveranderd — aangebied terwyl S. J. van der Walt veel meer op voetspoor van die altyd aktuele Bavinck (85) voortgewerk het. Ons veelsydigste dogmatikus tot sover was sonder twyfel S. C. W. Duvenage, soos blyk uit die kwantiteit en kwaliteit van sy gelewerde publikasies.

Wat die *Godsleer* betref, het daar, sover ek weet, geen belangrike werk verskyn nê. I. D. Kruger skryf ’n kleiner geskrif oor *God se Voorsienigheid* (86).

Aangaande die *skeppingsleer* kan verwys word na D. Kempff se *Die skeppingsleer van Karl Barth* (87). Ek releveer ook hier na die reeds vermelde Ou Testamentiese studies van S. du Toit in verband met skepping en ewolusie asook na ander kleiner — polemiese — geskrifte wat veral gerig is teen die ewolusionisme (88).

Reeds geruime tyd voordat die Koninkryk tot so ’n belangrike teologiese tema verhef is, het K. S. van Wyk de Vries geskryf oor *Die realiteit van die Koninkryk van God* (89).

Kyk ons na die *Christologie*, kan verwys word na die mooi dogmatiesetiese studie van S. C. W. Duvenage oor *Die Navolging van Christus* (90). C. J. Malan het ook ’n waardevolle bydrae gelewer met sy opsommings van boeke wat handel oor die *Soteriologie by Calvin* (91).

Miskien moet ons ook hiér, in aansluiting by die Christologie, verwys na ’n reeks geskrifte wat oor die uitverkiesing en bekering handel. Ek dink hier veral aan L. F. Schulze se *Calvin’s reply to*

Pighius⁽⁹²⁾, die boek „Revival” of Reformasie?⁽⁹³⁾, wat baie nou aansluit by J. D. du Toit se gedeë werk oor *Het Methodisme* van 1903, asook P. J. Coetzee se *Uitverkiesing en bekering*⁽⁹⁴⁾. Opvallend op dogmatiese terrein is telkens weer die noue aansluiting by Calvin.

Opvallend is eweneens die volkome gebrek aan ’n groot studie oor die *pneumatologie*, hoewel ek graag verwys na C. Hattingh se *Die Kerk en die Heilige Gees*⁽⁹⁵⁾.

Daarmee is ons by die *ekklesiologie* waar die oes belowender is. P. J. S. de Klerk besin veral oor kerk en verbond⁽⁹⁶⁾, terwyl P. W. Buys ’n deeglike stuk werk lewer, in lyn met Kuyper, oor die kerk as organisme en instituut⁽⁹⁷⁾, ’n onderskeiding wat in die teologie egter hoe langer hoe minder gebruik word en meer en meer vervang word deur die onderskeiding kerk en Koninkryk. S. C. W. Duvenage besin oor *Die Verhouding van Kerk tot Volk*⁽⁹⁸⁾ — en ek verwys hier ook graag na die reeds vermelde Nuwe Testamentiese studies van W. J. Snyman op hierdie gebied. P. J. Pelser attendeer op *Die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die kerk* en ook hier noem ek weer B. Duvenage se boek oor die WRK.

Ek bring hier — by die *ekklesiologie* — ook die *Skrifleer* ter sprake, iets wat in die dogmatiek gewoonlik voorop gaan, maar m.i. logies hier tuis hoort, saam met die sakramentologie. Die GKSA staan bekend as ’n kerk wat ’n deurslaggewende beklemtoning plaas op die Woord van God en inderdaad is daar ’n ryk oes aan dogmatiese studies oor Skrif en openbaring. Die stroom begin reeds in 1937 met B. J. de Klerk se *Vorme en karakter van Bibliïsme*⁽⁹⁹⁾, daarna volg S. J. van der Walt se *Die Godsopenbaring in die teologie van Karl Barth*⁽¹⁰⁰⁾ en dan J. D. du Toit se *Die Bybel is die Woord van God*⁽¹⁰¹⁾. Dan volg S. C. W. Duvenage se uitstekende geskrif oor *Die Gesag van die Heilige Skrif*⁽¹⁰²⁾, waarin hy daarvan afsien om op skolastiese wyse met ’n formele opvatting, afgesien van die inhoud van die Skrif, te opereer. Hy sluit hier nou aan by Berkouwer, van wie se teologiese werk Totius vanuit die staanspoor besonder hoë verwagtinge gekoester het⁽¹⁰³⁾. Ook C. F. C. Coetzee gee aandag aan *Die scopus van die Skrif by Calvin*⁽¹⁰⁴⁾. F. W. Buytendach gaan breedvoerig in op die vorm-inhoud-problematiek⁽¹⁰⁵⁾, met skerp kritiek op talle Nederlandse teoloë, oa G. C. Berkouwer. Meer waardierend t.o.v. Berkouwer skryf H. Denkema in sy *De betroubare Woord*⁽¹⁰⁶⁾, waarin hy selfs van „oneffenhede” in die Bybel meen te praat.

Ek kon geen werk oor die *sakramentologie* opspoor nie. Ook nie oor die *konfessiologie* nie, hoewel dit bekend is dat H. Dijkstra hom hiermee besig hou⁽¹⁰⁷⁾.

Ten opsigte van die *eskatologie* is die oes ook besonder skraal. Ek verwys slegs na J. W. Jansen van Ryssen se *Die Messias uit die aarde*⁽¹⁰⁸⁾, ’n werk wat in die lig van A. König se studies oor die Antichris⁽¹⁰⁹⁾ op bepaalde punte agterhaal is. *Die boek adem oor die algemeen die gees van ’n pessimistiese ondergangstemming — dikwels tipies van die Gereformeerde teologie in die algemeen — soos blyk uit die opmerking dat dit vyf minute voor twaalf (middernag) is. Heel anders, en meer in die gees van die triomf van die genade,*

byna in die sin van 'n triomfalistiese teologie, skryf Tjaart van der Walt: „Daarom kan dit ook nie so voorgestel word asof die toekoms al hoe donkerder word nie: die Bybelse toekomsverwagting is geen evolusie-in-trurat nie . . . Die donkerste uur in die wêreldgeskiedenis is agter die rug — toe God dit helder oordag van middendag tot middernag laat word het (Mark 15 : 33 par.). Daarom is voor ons nie 'n wêreldnag nie maar die aanbreek van 'n nuwe dag — God se dag. 'n Soort gelate ondergangstemming betaam dan ook die Christelike toekomsverwagting allermins: in Christus is ons méér as oorwinnaars . . . (Rom. : 35 e.v.) . . . En nou word dit nie al hoe donkerder nie maar al hoe ligter: „Die nag het ver gevorder, en dit is amper dag' (Rom. 13 : 12)“⁽¹¹⁰⁾. Ek verwys ook tussen hakies na C. W. M. du Toit se *Toekomstige Wêreldgebeure*⁽¹¹¹⁾ met sy chiliastiese strekking.

Hiermee neem ek afskeid van die dogmatiek en begeef my op ietwat meer bekende terrein naamlik die *etiek*. Vir baie jare was etiek eintlik die stiefkind in die teologie terwyl dit vandag, veral vanweë die talle moderne vraagstukke wat om antwoorde roep, 'n ongekende bloeiperiode beleef.

Wat die *prinsipiële etiek* betref, het ons veelsydigste etikus, B. Duvenage, 'n stewige bydrae gelewer met 'n hele reeks artikels⁽¹¹²⁾. Met sy *Beroepsarbeid in die lig van die Gereformeerde Etiek*⁽¹¹³⁾ lewer hy ook ons eerste etiese werk. Goeie werk het ook S. P. van der Walt gedoen en veral bekend is sy *Gods wet en „die ander wet“*⁽¹¹⁴⁾. P. W. Buys vestig die aandag op *Die botsing van pligte as etiese vraagstuk*⁽¹¹⁵⁾. Die filosofe H. G. Stoker en P. G. W. du Plessis het ook met hulle werke oor *Die Grond van die sedelike*⁽¹¹⁶⁾ en *Opskorting van die etiese?*⁽¹¹⁷⁾, onderskeidelik, belangrike hulpdiens verrig.

In sy *Bewaar jou goeie pand*⁽¹¹⁸⁾ het P. J. de Bruyn 'n aantal etiese onderwerpe aangesny, terwyl ekself probeer het om in my *Etiek in 'n eeu van tegnologie en tegnokrasie*⁽¹¹⁹⁾ 'n paar etiese temas behoorlik op tafel te kry.

Hoewel die oes op die gebied van *mediëse etiek* besonder skraal is, is daar weer 'n hele aantal boeke geskryf oor die *seksuele etiek*. Ek dink hier o.a. *Die Selfmoord van 'n nasie*⁽¹²⁰⁾, wat oor geboortebepערking handel maar 'n boek wat hopeloos verouderd is, verder *Die heilige huwelik*⁽¹²¹⁾ en ook J. H. Kroeze se prikkelende en verruimende boek *Bybel en Seks*⁽¹²²⁾. Besonder verdienstelike werk is op hierdie terrein gelewer deur P. J. de Bruyn met sy *Die Christen en Geboortereëling*⁽¹²³⁾ waarin hy op verantwoorde wyse sterk aansluit by Nederlandse besinning op dié terrein⁽¹²⁴⁾, en *Kuisheid vóór die huwelik*⁽¹²⁵⁾, waarin hy nié die weg van Nederland volg nie. Melding kan ook hier gemaak word van sy — breër opgesette — studie oor die etiek van Kuitert⁽¹²⁶⁾.

Eksel self het 'n bydrae probeer lewer op die terrein van die *politiese etiek* met 'n bespreking van die oorlogsvraagstuk in *Etiek van Vrede*⁽¹²⁷⁾, opgevolg met 'n aantal artikels oor diverse politieke-etiese vraagstukke⁽¹²⁸⁾. Teoloë in die GKSA het hulle besonder lank en indringend besig gehou met die rasse- of volkereproblematiek, 'n

saak wat weliswaar nie altyd vanuit 'n spesifiek etiese hoek benader is nie maar tog 'n duidelike etiese dimensie vertoon — vandaar dat ek dit hier noem. Hieroor het 'n stroom van lektuur verskyn (¹²⁹). Die groot leemte in hierdie origens deeglike prinsipiële studies is dat te weinig konkreet rekening gehou is met die immense problematiek en verweefdheid van die Suid-Afrikaanse volkere-situasie, met ander woorde daar is in die studies nie 'n duidelike korrelasie tussen ideaal en werklikheid, beginsel en praktyk nie. Daar is 'n groot gebrek aan verantwoordelike situasie-etiek.

Ten slotte kan ook nog verwys word na hulpstudies oor persetiek (¹³⁰) en arbeidsetiek (¹³¹).

Hiermee is in voëlvlug die dogmatologiese arbeid oorskou en ek wend my vervolgens na die volgende terrein.

4. DIAKONOLOGIESE STUDIES

Wanneer ons 'n blik werp oor die diakonologiese studies blyk al gou dat daar in sommige vakke besonder goeie werk gelewer is terwyl daar in ander vakke groot brak kolle voorkom. Laat my begin om te verwys na die boek *Wending?* (¹³²) van ons vrugbaarste diakonoloog, W. J. de Klerk. Hierdie boek, wat natuurlik méér bevat as blote diakonologie, is vir my gevoel in die GKSA taamlik doodgeswyg en tog was dit 'n werk wat as't ware 'n nuwe tydvak ingelui het. Jonger predikante het na die boek gegryp omdat dit hulle gehelp het om dikwels verroeste situasies te deurbreek. Daarby is die inhoud kunstig verwoord en prinsipiël deurdink — waarmee weer nie gesê, is dat die boek sonder foute is nie.

Ek wend my vervolgens na die spesifieke diakonologiese vakke en begin by *homiletiek*. Op hierdie terrein het V. E. d'Assonville mooi werk gelewer, eers met sy *Kerk en Prediking* (¹³³), later omgewerk en uitgebrei tot *Die dwaasheid om te preek* (¹³⁴). Hierdie wetenskaplike werk het hy aangevul deur die uitgee van preekbundels, iets wat op die oomblik in toenemende getalle verskyn en wat hier, saam met dagboeke (¹³⁵), slegs deur my in die verbygaan vermeld word omdat dit te veel is om op te noem (¹³⁶). Ek verwys ook in hierdie verband na homiletiese Skrifstudies soos dié van S. C. W. Duvenage oor die Bergpredikasie (¹³⁷) en die reeks van J. H. Kroeze oor Hooglied, Hiskia, Saul, Tuin van Eeden, Jeremia, Adam en Eva en prediker (¹³⁸).

Ten opsigte van die *liturgie* kan verwys word na J. P. Jooste se *Kom in sy voorhove* (¹³⁹), P. J. de Bruyn se *Aktiewe Kerkgangers* (¹⁴⁰) en D. C. S. van der Merwe se vraag na liturgiese vernuwing (¹⁴¹). Laasgenoemde stel ook die vraag na 'n veel hoër frekwensie van nagmaalviering gewetensvol aan die orde (¹⁴²). M. A. Kruger besin oor *Wat moet ons sing in godsdiens en erediens?* (¹⁴³) terwyl die musikoloog J. J. A. van der Walt skryf oor *Die Afrikaanse psalmmelodieë* (¹⁴⁴). D. Kempff oordeel dat erediens en kollekte wesentlik bymekaar hoort (¹⁴⁵).

Op die gebied van die *Kategetiek* is goeie werk gelewer. Die GKSA het altyd 'n ope oog gehad vir jeugwerk, tot in sy wydste ver-

band van CNO (¹⁴⁶). C. J. H. de Wet en J. Chr. Coetzee lewer fundamentele werk met hulle besinning rondom die kategese (¹⁴⁷). Dit word mooi aangevul deur J. P. Jooste se *Studiegids vir Kategetiese Onderrig* (¹⁴⁸) en die pedagoog J. H. van Wyk se metodiese riglyne vir kategetiese onderrig (¹⁴⁹), terwyl ek ook terloops verwys na laasgenoemde se breed opgesette werk *Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig* (¹⁵⁰). asook S. C. W. Duvenage se *Die Opstandige Student* (¹⁵¹). Besinnende jeuglektuur ontbreek ook geensins (¹⁵²). Die pedagoog P. W. Bingle lewer 'n belangrike bydrae oor *Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in Suid-Afrika 1859 — 1959* (¹⁵³).

Ek maak hier ook bloot melding van die talle handboeke vir katekisasie (¹⁵⁴) wat deur Geref predikante geskryf is asook hulle bydraes in die reeks handboeke oor Bybelkunde en godsdiensoonderrig op skool (¹⁵⁵).

Ons *pastorale studies* is pragtig verryk deur die vaardige pen van W. J. de Klerk, wat 'n hele reeks belangrike werke gelewer het, te veel om hier op te noem (¹⁵⁶). Ek verwys slegs na *Die pastorale gespreksontmoeting* (¹⁵⁷), *Kerk en Pastoraat* (¹⁵⁸), *Rousmart* (¹⁵⁹) en *Pastorale Sensitiewiteit* (¹⁶⁰). C. J. H. Venter bou verder voort op die werk van De Klerk met twee deeglike boeke oor *By die sterfbed* (¹⁶¹) en *Die bediening van die versoening aan die bejaardes* (¹⁶²).

D. G. Venter en andere stel 'n *Handleiding vir Ouderlinge* (¹⁶³) saam en W. J. de Klerk skryf flitsgedagtes oor *Die herder-ouderling* (¹⁶⁴). J. J. van der Walt vind in die Woord van God die moderne antwoord vir nuwe vrae, ook vir ouderlinge (en diakens) (¹⁶⁵). J. P. Jooste besin oor *Die roeping tot die amp van predikant* (¹⁶⁶) terwyl D. G. Venter aantoon dat die vrou in die kerk moet swyg (¹⁶⁷). En waar moet ek melding maak van P. J. S. de Klerk se *Die gebed in die Heilige Skrif?* (¹⁶⁸).

Die *diakoniek* staan op die oomblik in die brandpunt van belangstelling vanweë aandrang om 'n verruimender diakonale taak. Ek verwys hier o.a. na B. Spoelstra se *Nuwe siening* (¹⁶⁹) en K. S. van Wyk de Vries se *Die scopus van die diakonaat* (¹⁷⁰). In hierdie verband verwys ek ook na die werk van die kulturoloog C. N. Venter vir wie 'n sogenaamde Christelike welsynswerk talle probleme en gevare inhou omdat dit maklik die kerk se barmhartigheidstaak kan verdring of verlam (¹⁷¹). Daar bestaan 'n goeie handleiding vir diakens (¹⁷²) terwyl W. F. Venter (red) alle belangrike voordragte oor die diakonaat versamel het (¹⁷³). J. A. Schutte voer 'n warm pleidooi vir 'n funksionele diakonaat wat erns maak met die nood van ons tyd (¹⁷⁴). Uiteraard is ook die studie van die etnoloog J. H. Coetzee oor *Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859 — 1949* (¹⁷⁵).

5. MISSIOLOGIESE ARBEID

Ek verwys hier eerstens na *evangelistiek* ('n naam wat trouens al meer vervang word met die naam *sending*, in die onderskeiding van: *sending 1*: gerig op heidene, *sending 2*: gerig op kerkvervreemdes,

sending 3: gerig op Jode, sending 4: gerig op ander gelowe ens). Op hierdie terrein het ons 'n aantal kleiner geskrifte, bv van W. J. de Klerk ⁽¹⁷⁶⁾ en P. G. Geertsema ⁽¹⁷⁷⁾ asook 'n magdom pamflette en brosjures evangelisasielektuur. Die beoogde publikasie van L. H. Stavast om *Redding vir hierdie huis* behoort hier 'n welkome toevoeging te wees ⁽¹⁷⁸⁾.

Die groot baanbreker op sendingterrein in die GKSA is sonder twyfel H. du Plessis. Dit is werklik nie oordrewe nie om te stel dat hy die GKSA op hierdie gebied gehelp het om uit sy isolasie te kom en werklik ook sendingkerk te word. Hy het in woord en daad die voorbeeld gestel. Vandat hy in 1959 as professor in Sendingwetenskap aangestel is, het hy hierdie vak pragtig uitgebou. Ek dink aan sy *Die missiologie as 'n teologiese wetenskap* ⁽¹⁷⁹⁾, *Geskiedenis van die sendingwetenskap* ⁽¹⁸⁰⁾ en 'n *Banier van die volke* ⁽¹⁸¹⁾. Vermelding verdien ook sy strydskrif 'n *Nuwe Deurbraak* ⁽¹⁸²⁾, wat deur sommige — ten onregte — begroet is as „breakthrough to Liberalism” ⁽¹⁸³⁾. Dit was 'n uitstekende gedagte dat 'n aantal oudstudee van sy belangrikste artikels in boekvorm uitgegee het onder die titel *Gaan dan heen* — ⁽¹⁸⁴⁾, bowendien met 'n waarderingswoord en bronnelys. Hier wag 'n pragtige proefskrif vir 'n student in missiologie en die skema lê voor die hand: Hugo du Plessis: as mens, as missionêr, as missioloog, en sy betekenis.

Bogemelde beteken natuurlik geensins dat H. du Plessis die enigste missioloog in die GKSA was nie. Trouens reeds in 1923 het P. J. S. de Klerk die tema van kerk en sending aan die orde gestel ⁽¹⁸⁵⁾. Sendingdeputate laat 'n kort sendinggeskiedenis van die GKSA verskyn ⁽¹⁸⁶⁾. 'n Hele reeks goeie proefskrifte volg. P. G. Geertsema handel oor sending en sewende gebod ⁽¹⁸⁷⁾. I. J. van der Walt oor *Eiesoortigheid en die Sending* ⁽¹⁸⁸⁾, D. C. S. van der Merwe oor verbond en sending ⁽¹⁸⁹⁾, J. A. van Rooy oor *Language and culture* ⁽¹⁹⁰⁾, M. A. Kruger oor die vryheidsgedagte ⁽¹⁹¹⁾ en M. Venter oor *Poliginie as sendingprobleem* ⁽¹⁹²⁾. Hierby moet ook nog verwys word na J. A. van Rooy se *Kerk en Sending* ⁽¹⁹³⁾ asook D. C. S. van der Merwe se *Sending, toekoms en strukture* ⁽¹⁹⁴⁾ en sy *Kerk, volk en ras* ⁽¹⁹⁵⁾. Baie belangrik vind ek ook die navorsing van L. Floor *In dieselfde Spore* ⁽¹⁹⁶⁾, waarin hy oa die helperamp baie duidelik aan die orde stel, en verder *Die Saailand is die Wêreld* ⁽¹⁹⁷⁾, onder redaksie van Floor uitgegee. Ek sluit af deur te wys op A. G. Schutte se *Swart Doppers?* ⁽¹⁹⁸⁾ en W. Hovy se *Bloedgetuies* ⁽¹⁹⁹⁾.

Samevattend kan ons stel dat daar die afgelope 20 — 30 jaar 'n belofteryke ontwikkeling op die gebied van die Sendingwetenskap plaasgevind het en mens kan alleen die hoop uitspreek dat hierdie tendens sal volhou.

Die tema van hierdie artikel verwys na die vraag van *ontwikkeling* op teologiese gebied. Weliswaar is daar ná die Tweede Wêreldoorlog veel méér gepubliseer as daar voor, maar of daar werklik sprake kan wees van — groot — ontwikkeling moet betwyfel word. Daarvoor is te sterk aangesluit by teologiese werke uit die buiteland veral Nederland, en met name Bavinck. Nou is dit natuurlik geen

skande om in die lyn van Augustinus — Calvin — Bavinck — Berkouwer teologies voort te werk nie, intendeel, dit is m.i. nog altyd die beste weg. Tog kan hiermee nie volstaan word nie en moet *verder* gewerk word op die beproefde pad. Die tyd begin ryp word om 'n „*ei*” Outestamentologie, Nuwetestamentologie, dogmatiek, etiek en missiologie te skryf. Hierin kan ons bruin en swart teoloë 'n groot bydrae lewer.

Ek sluit af deur daarop te wys dat die bestaan van twee teologiese skole te Potchefstroom en Hammanskraal met 15 professore, die verskyning van die teologiese blad *In die Skriflig* sedert 1966, die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde Teologiese Vereniging sedert 1958 asook die bestaan van die (interkerklike) teologiese werkgemeenskappe in SA, 'n groot stimulus gelewer het vir die ontwikkeling van die teologie in die GKSA in besonder en natuurlik van die teologie in SA in die algemeen. Van groot belang vir die teologie is verder ook die kleiner en groter geskryfte wat uitgegee word deur die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme aan die PU vir CHO.

VOETNOTAS:

- 1) In: *Euufees-Gedenkboek. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859—1959*, Potchefstroom 1959, 138—150. Ek dank ook my Gereformeerde kollegas in die Boland vir hulle kritiese kommentaar.
- 2) S. J. du Plessis, *Jesus en die Kanon van die Ou Testament*, T. Wever Franeker/Potchefstroom (1950). Sy studie oor die taal van Prediker kon ek nie betyds opdiep nie.
- 3) F. N. Lion-Cachet, *God, die Here het al hierdie woorde gespreek. Die betekenis van die inleidingsformule van die dekalooë vir die Ou Testamentiese besondere kanoniek*, PU vir CHO, Potchefstroom 1976.
- 4) J. C. Coetzee, *Die Blye Boodskap. 'n Gids deur die boeke van die Nuwe Testament. 1. Die Briewe van Paulus, Pro Rege*, Potchefstroom 1975.
- 5) J. C. Coetzee, *'n Pleidooi vir vernuwing in die Besondere Kanoniek — toegelig aan die hand van die evangelie van Johannes*, PU vir CHO, Potchefstroom 1976.
- 6) H. F. van Rooy, *'n Vergelyking van die struktuur van die buite-Bybelse staatsverdrae — met besondere aandag aan die Sefire-verdrae met die struktuur van Deuteronomium*, PU vir CHO, Potchefstroom 1977.
- 7) J. Postma, *Die hyperbaton in die Pauliniese en Hebreërbriewe en sy betekenis ook vir die vertaling*, UP, Pretoria 1963.
- 8) H. S. Pelsers, *Rabbula, die biskop van Edessa*, PU vir CHO, Potchefstroom/Pretoria 1967; S. J. Smit, *Die ondergang van die ryk van Juda*, Groningen (1965).
- 9) S. du Toit, *Ou Testament en Ou Ooste. 'n Bybels-argeologiese studie. Pro Rege Pers*, Potchefstroom 1971. J. A. LOADER vind die boek egter te breed opgeset, *Die Hervormer*, Mei 1972, 30. Vlg. *Woord en Daad*, Aug 1972, en *Gereformeerde Weekblad*, 22 Junie 1973. Vgl ook E. J. Smit, *Ugarit en Ou Testament. Die betekenis van die ontdekking van die stad Ugarit vir die Ou Testament*, PU vir CHO, Potchefstroom 1974

- 10) S. C. W. Duvenage, *Die Dekor van die Nuwe Testament. 'n Kultuur-historiese Agtergrondstudie*, Pro Rege, Potchefstroom 1975.
- 11) P. J. S. de Klerk, *Die Brief aan die Hebreërs*, J. L. van Schaik, Pretoria 1951.
- 12) J. H. Kroeze, *Het boek Job (Commentaar op het OT)*, J. H. Kok Kampen 1961.
- 13) J. H. Kroeze, *Het boek Jozua (Commentaar op het OT)*, J. H. Kok Kampen 1968.
- 14) J. H. Kroeze, *Handboek Bybelse Geskiedenis: Die Ou Testament*, Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria/Potchefstroom/Kaapstad 1965.
- 15) S. du Toit, *Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament*. Pro Rege Pers, Potchefstroom 1969(4).
- 16) O.a. *'n Nuwe fase in die stryd om die Ou Testament*, Pretoria 1936; *Bybelse en Babilonies-Assiriëse Spreuke*, Christelike Uitgewersmaatskappy, Johannesburg 1942; *Die Ou Testament 'n Wonder. Versamelde artikels 1936—1961*. Pro Rege Pers, Potchefstroom 1963; *Bybel Skepping-Evolusie, Vortrekkerpers* 1968(2).
- 17) J. L. Helberg, *Openbaringsgeskiedenis van die OT*, Pro Rege, Potchefstroom 1976.
- 18) J. L. Helberg, *Die val van Jerusalem en die dag van Jahwe*, PU vir CHO, Potchefstroom 1965; *Ou Testamentiese teologie in verleentheid? Twee studies oor uitgangspunt en metode*, PU vir CHO, Potchefstroom 1976.
- 19) P. J. S. de Klerk, *Woorde en Dade van die profete*, Van Schaik, Pretoria 1953.
- 20) J. H. Kroeze, *Psalm 47*, Den Haag NV 1966 (Exegetica 4:6).
- 21) F. N. Lion Cachet, *Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaitiese verbond*, PU vir CHO, Potchefstroom 1977.
- 22) W. J. Snyman, *Nuwe en Ou Dinge. Uit die Skat van die Koninkryk*, Pro Rege, Potchefstroom 1977.
- 23) T. van der Walt, *Die Koninkryk van God — Naby! Eksegetiese verkenning van die toekomspektief van Jesus Christus volgens die getuïenis van die Sinoptiese Evangelies*, J. H. Kok NV Kampen 1962.
